

## SONDAGOGGEND 12 SEPTEMBER 2021

### Jesus se blydskap ten volle

Ons het die afgelope weke saam met Jesus se dissipels aan Sy voete gesit en van Hom geleer. Nou is Jesus se ure min as mens op die aarde. En nou bid Hy. En Sy gebed maak vir ons 'n venster oop na ons Vader se hart toe. Jesus stel ons voor aan God as ons Vader. En Hy bid vir ons sodat ons die ewige lewe sal beleef. Dit sê Hy is om God intiem te leer ken.

Hy bid dat Vader die wat aan Hom behoort sal bewaar en beskerm, veral in die lig van die vervolging wat hierna gaan kom. Want sê Jesus die mense sal hulle en ons Sy volgelinge haat en verag en vervolg, selfs van hulle doodmaak. En nou bid Hy en sê in vers 11 dat Hy nou terugkom na Sy hemelse posisie toe.

#### **Johannes 17:13-19**

*“Maar nou kom Ek na U toe. En Ek sê dit terwyl Ek nog in die wêreld is, sodat hulle my blydskap in al sy volheid in hulle kan hê. 14Ek het u woord aan hulle gegee, en die wêreld haat hulle, omdat hulle nie tot die wêreld behoort nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie. 15Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose moet bewaar. 16Hulle behoort nie tot die wêreld nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie. 17Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid. 18Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur; 19en ter wille van hulle wy Ek My aan U toe, sodat hulle ook deur die waarheid aan U toegewy kan wees.”*

As ek een Woord oor die God en oor die Bybel en oor Jesus moet skryf is dit die woordjie liefde.

#### **Liefde**

Dis die storie van God met mense. Die “Upper Story” van God is die storie van God se liefde. Hoekom het God in die eerste plek mense gemaak? Sodat Hy daarna met hulle kan mors en hulle haat? Verseker nie. Ons lees sommer hier vroeg in die skeppingsverhaal dat

God Adam Sy lewensasem gee en dan die vrou met deernis en presisie omskep uit die ribbebeen van die man. En dan kom kuier Hy by hulle.

Die storie van die bose is die teenoorgestelde. Die bose, die duiwel, satan, die vader van die leuen het net een ding in gedagte en dis haat en verwoesting. Haat vir God, haat vir die mense wat God gemaak het. Daarom loop hy rond en soek wie hy kan verlei om agter hom aan te kom. Hy is selfs so arrogant om Jesus te versoek.

Nou weet ons die verhaal van liefde wat in die “upper story” gebore is, speel af in die “lower story,” mense se storie, deur dat Jesus, self God, aarde toe kom en in liefde, God se liefde, as plaasvervanger te kom sterf, vir die mense, vir wie God so ongelooflik lief is.

Hierdie gebed van Jesus vertel eintlik maar net van Sy liefde en omgee vir Sy dissipels en vir ons Sy volgelinge. Hy wil hê ons moet die ewige lewe saam met Hom en Vader deurbring. Hy wil nie hê dat iets gelowiges sal laat afdwaal en verlore gaan nie. Met die wete dat Hy teruggaan na Sy Vader toe, bid Hy dat hulle en ons Sy blydschap sal beleef.

## My blydschap

### Johannes 17:13

*Maar nou kom Ek na U toe. En Ek sê dit terwyl Ek nog in die wêreld is, sodat hulle my blydschap in al sy volheid in hulle kan hê.*

Watter dinge sê Hy?

Al die dinge wat Hy hulle daai aand geleer het en voor dit, en ook wat Hy gebed het tot nou toe:

- Hy het Sy mense innig lief.
- Hy gaan om vir hulle wat in Hom glo, plek voor te berei.
- Hy stel hulle voor aan Sy Vader en belowe hulle die Heilige Gees en belowe Hy sal hulle troos en lei en leer.
- Hy bid dat hulle bewaar sal word en dat hulle staande sal bly – geestelik – as hulle gehaat, verag, vervolgd en doodgemaak gaan word.

En nou kom Jesus en bid vir hulle en vir ons, dat ons en hulle, Sy blydschap sal hê, maar nie net 'n bietjie nie, alles, tot in Sy volheid.

*sodat hulle **my blydskap** in al sy volheid in hulle kan hê.*

Kom ons kyk mooi na die woorde van hierdie sin.

Wie se blydskap is dit?

- **Jesus se blydskap**

En wat is Jesus se blydskap? Ek dink die kern van Jesus se blydskap, is dat Hy die geliefde kind van Sy Vader is.

### **Matteus 3:17b**

*Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My.*

Hierdie blydskap van Jesus word nie deur Sy omstandighede bepaal nie, maar deur die vaste vertrouwe dat wat ook al met Hom op hierdie aarde mag gebeur, niks aan Sy kindskap kan en sal verander nie. So as Jesus bid dat Sy dissipels en ons Sy blydskap tot sy volheid sal beleef, is dit, dat ons wat kinders van God is sal kan glo en vertrou dat niks ons kindskap kan wegneem.

### **Johannes 10:28**

*Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie.*

Dit behoort vir my en jou oorstelp te laat voel van vreugde. Jesus se hart vol liefde wil hê dat ons ten spyte van ons omstandighede moet weet, dat geen dood of lewe, of engele of bose magte, sal ons kan skei van die liefde wat God vir ons het nie. Dis “amazing love.”

Jesus se blydskap is dat Hy Sy Vader se “**glorious greatness**” kan ontvang en vertoon. Dis niks anders in my en jou lewe nie. Ek is die mees gelukkigste in my lewe as ek besig kan wees met Vader en Vader se goed. Stiltetyd is nie vir my ’n “drag” nie, ek maak nie altyd genoeg tyd nie, maar dis altyd lekker om met Vader te mag praat en Sy Woord te lees.

'n Tweede belangrike gedagte is dat ek dink Jesus is verseker ook bly dat Hy teruggaan na Sy Hemelse posisie om op Sy troon in die hemel te sit, waar Sy “**glorious greatness**” herstel sal word en voor wie alle mense sal buig en Hom aanbid. Dit behoort vir my en jou ook te vervul met onuitspreeklik blydschap en vreugde. Ons is ook op pad na ons ewige tuiste, in 'n verheerlikte liggaam, vir ewig by God.

## **2 Korintiërs 5:1**

*Ons weet dat, wanneer ons aardse woning wat maar 'n tent is, afgebreek word, ons 'n vaste gebou in die hemel het. Dit is 'n woning wat nie deur mense gemaak is nie maar deur God, en dit bly ewig staan.*

Die derde rede vir Jesus se blydschap was dat Hy hulle graag aan die Heilige Gees wou voorstel. Hy weet dat Hy hulle nie alleen sal agterlaat nie, maar dat Hy vir hulle en vir ons, die Heilige Gees gee. En die Heilige Gees is juis die bringer van troos en Sy vrug is liefde, vreugde ens. Dit behoort ons ook met groot vreugde te vervul om te weet dat ons God se Gees het wat in ons woon en dat gevolg van Sy teenwoordigheid is vreugde en blydschap.

'n Vierde rede vir Jesus se blydschap is verseker ook omdat Hy weet dat Hy gaan eendag weer kom. Ja hier bid Hy net voor Sy vertrek na God toe, maar Hy gaan eendag weer op die wolke kom om ons te haal. Dis waarvoor Hy gekom het, dit sal verseker 'n blye dag wees as Jesus weer kom. Hy sê daar gaan geen tranes, hartseer, siekte, dood en pyn by Hom wees nie. Ons kan met Sy blydschap uitsien na daardie dag, wanneer ons vir altyd in God se teenwoordigheid sal wees.

Maar Jesus en die hemel verheug hulle ook oor die bekering van sondaars.

## **Lukas 15:10**

*Ek sê vir julle: Net so is daar blydschap onder die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer.”*

So om Jesus se blydschap volkome te ervaar, beteken dat ons saam met Hom bly sal wees oor een mens wat sy of haar lewe vir God gee. En daarom is ons almal gestuurdes om mense van Jesus se verlossing te vertel. En met blydschap.

Maar Jesus bid nie net tot Sy Vader dat ons 'n glimpie van Sy blydschap kan hê nie, maar in sy volheid.

*sodat hulle my blydschap in al sy volheid in hulle kan hê.*

- **In al sy volheid**

Jesus kan nie in “half measures” dink nie. Vir Hom is dit alles of niks. As Hy lief het is dit 100%, 100% van die tyd. As Hy mense vergewe, vergewe Hy alles, altyd. As Hy genade betoon is dit ook 100%, 100% van die tyd. En dit is dieselfde met Sy Blydschap. As Hy bly is, is dit 100%, volledig, volmaak.

Die Griekse woord *pleroo* het soveel wonderlike vertalingsmoontlikheid:

*to make full*

*to cause to abound*

*to complete.*

*to fill to the top: so that nothing shall be wanting*

*to full measure, fill to the brim.*

*to accomplish, to carry out*

En nog baie meer.

So wat Jesus vir Sy dissipels en vir ons bid is dat ons tot in oorvloed die blydschap van Hom in ons sal hê. Om soos Hy bly te wees oor dat God ons Vader is. Soos Hy bly te wees oor feit dat Hy vir ons 'n plek in die hemel voor berei. Soos Hy bly te wees oor die Heilige Gees wat in ons woon. Soos Hy sal bly wees en uitsien na ons finale in persoon, ontmoeting met God. En soos Hy bly sal wees oor die redding van een siel.

So Jesus wil ons oorlaai met Sy blydschap, en dit in ons deponer.

*sodat hulle my blydschap in al sy volheid in hulle kan hê.*

- **In hulle**

Dis vir my 'n “amazing” gedagte. Dat Jesus bid vir my en vir jou dat Sy blydschap, tot in sy oorvloed, in my en jou sal wees. Met ander woorde ons “joy” word nie bepaal deur

omstandighede om ons nie, maar deur dit wat in ons is. **“Happiness”** onthou julle het ek so rukkie terug gesê, het te doen met **“happenings.”** As daar goeie goed **“happen”** is ons bly. As daar slegte goed gebeur/**“happen,”** dan is ons ongelukkig en soms kwaad. Dus **“happiness”** gebeur buite ons self.

Maar die blydschap van Jesus word in ons geplant en ontvang ons dit saam met die Heilige Gees. En ons kan met Jesus se blydschap dieselfde doen as wat ons met die Heilige Gees doen. Ons kan dit op die agtergrond skuif of toelaat dat ons deur die Heilige Gees en God se vreugde gelei word.

En soos ek laasweek en soveel ander kere gesê het, niks kan dit wegneem nie. Die blydschap om te weet dat ek ten volle deur God aanvaar word as Sy kind, kan omstandighede nie wegvat nie. Die feit dat ek weet ek gaan eendag my ewigheid saam met God en ander gelowiges deurbring, kan nie weggevat word deur lyding en swaarkry en hartseer nie.

Dis wat Jesus vir Sy dissipels gesê het net voor Hy gebid het en dis waarom die dissipels ten spyte van vervolging met blydschap die goeie nuus verkondig het. Niks kon hulle stop nie.

### **Johannes 16:22b**

*As Ek julle weer sien, sal julle harte vol blydschap wees, en niemand kan julle blydschap van julle af wegneem nie*

Ek het aan die begin gesê oor God se storie, en oor die Bybel kan ons een woord skryf en dit is liefde, maar ek dink ons kan ook gemaklik vreugde oor God se storie skryf. Jou en my redding van die sonde en die dood is nie vir God moeite of 'n plig nie. Dis waaroor die Bybel gaan. God se storie met mense vol sonde. As Adam en Eva nie gesondig het nie en die mense daarna ook nie, sou God se storie met ons heeltemal anders gelyk het. Vir Jesus was dit pure vreugde om vir jou en my te verlos en tot kinders van God te maak.

### **Hebreërs 12:2b-3a**

*Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God. 3*

*Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie.*

Dis vir hierdie Goddelike, Jesus blydschap, waarvoor Jesus vir jou en my en vir Sy dissipels bid. Iemand het eendag gesê:

**Joy is the settled assurance that God is in control of all the details of my life, the quiet confidence that ultimately everything is going to be alright and the determined choice to praise God in every situation.**

Vanuit hierdie “joy” wat Hy vir ons wil hê, bid Hy verder.

### **Johannes 14:8**

*Ek het u woord aan hulle gegee, en die wêreld haat hulle, omdat hulle nie tot die wêreld behoort nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie.*

Ek sê weer oor hierdie boek, die Bybel staan geskrywe God is liefde en Sy blydschap in jou en oor jou is volkome. Jesus bid en sê: *“Ek het U Woord vir hulle gegee.”*

Jesus het dwarsdeur Sy bediening, gereeld na die Ou Testament verwys en Hy het gesê dat niemand mag daaraan verander nie. So ten spyte van die feit dat Hy alles weet en kon sê net wat Hy wil, het Hy Sy koms aarde vanuit die Woord kom verantwoord.

Die grootse “joy” naas die feit dat Jesus ons van sonde en dood gered het, is die Woord van God. Op 21 Oktober 2001, volgende maand 20 jaar gelede, het die Turke vir die eerste keer die volledige Bybel in Turks in gebruik geneem. Ek het 'n paar dae daarna saam met 'n Amerikaner 'n konferensie oor sendingwerk in Turkye aangebied. Ek onthou nog so goed, hoe bly die Turke was om vir die eerste keer 'n volledige Bybel in die hand te neem.

Toe ons in 'n jaar later in Turkye gaan bly het, was ek net verstom oor die gelowiges se kennis van die Bybel en veral die Ou Testament, wat hulle maar net 'n jaar vantevore kon begin lees het. Ek onthou nog so goed dat as ek by my vriend Gursel, wat vroeër vanjaar aan Covid dood is, se besigheid gekom het, het hy nie koerant geles nie, maar die Bybel.

As jy in Israel kom sien jy net die vreugde op mense se gesigte as hulle die Ou Testament lees. So om Jesus se volmaakte blydschap tot in oorvloed te ervaar, gee Hy vir ons Sy Woord.

### **Psalm 119:162**

*Oor u woord is ek so bly soos iemand wat 'n groot skat in die hande gekry het.*

Hierdie groot skat sê Jesus gee Hy vir my en jou en Sy dissipels, want ons behoort aan nie aan hierdie wêreld nie, maar aan God.

Jesus weet dat dit moeilik in die wêreld gaan wees. Hy weet dat mense van niks seker kan wees nie. Kyk hoe het Covid ons lewe kom ontwrig, dan praat ons nie van die onsekerhede oor werk, gesondheid ens, nie. Maar wat vasstaan is God se Woord. Dis onveranderlik, onverganklik, dit kan nooit sy krag verloor nie. Daaroor kan ons bly wees.

Hoekom is dit nodig dat ons God se Woord lief het en moeite met dit maak? Want om elke hoek en draai staan die leuenaar, die verleier, die satan, die duiwel, die bose en loer en soek om ons te verslind. Ek wil sê die vreugdesteler. Die een wat wil maak dat ons nie in volle vreugde lewe nie. Die Heilige Gees leer ons in die Waarheid, die duiwel lei ons in die leuen.

So as Jesus vir ons en Sy dissipels bid dan weet Hy dat Hy gaan terug na Sy hemelse troon toe, maar dat ons op hierdie wêreld bly totdat Hy ons eendag kom haal. En in hierdie wêreld sal die nie-gelowiges ons haat en verag en vervolg en selfs doodmaak, en is daar nog die bose ook. Maar Hy is gemaklik om te gaan, want Hy gee ons die GPS (God se Woord) om dit te maak, en die Heilige Gees as die stem, wat die rigting aandui.

### **Johannes 17:15-16**

*Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose moet bewaar. 16Hulle behoort nie tot die wêreld nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie.*

God wil graag hê ons moet gehoorsame, goeie, getroue kinders van Hom wees en in ooreenstemming met Sy wil, in blydschap, leef. Daarteenoor staan die bose. En hy is nie planloos nie.

## 2 Korintiërs 2:11

*Die Satan moet nie die oorhand oor ons kry nie. Ons ken sy planne maar alte goed.*

Hy is 'n "schemer." "The great pretender." Almal van ons beleef van tyd die aanslae en aanvalle en versoekings van die bose. As jy Jesus ernstig opneem, moet jy ook die duiwel ernstig opneem. Jesus doen dit verseker, daarom bid Hy hier dat Vader ons en Sy dissipels van die bose moet bewaar.

Daardie woord beteken iets soos *to guard, to take care of*. Nou is die probleem nie by God nie. Solank ek my krag by Hom soek en naby aan Hom leef sal die duiwel vlug en geen impak in my en jou lewe hê nie.

## Jakobus 4:7-8

*Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug. 8Nader tot God en Hy sal tot julle nader.*

Sonde is 'n ooreenkoms met die duiwel en dit lei altyd tot vervreemding van God. Sonde maak dat my verhouding met God versteur word en dat ek nie meer Sy stem mooi kan hoor en Sy wil kan doen nie. En Jesus weet dit en daarom bid Hy dat Vader ons sal beskerm, as ons ons onderwerp aan Hom en naby aan Hom leef.

Miskien sou dit makliker gewees het as ons, onself erns kon gaan wegsluit het in 'n klooster of iets. Maar ons kan nie, ons leef in hierdie bose wêreld en nooit kan ons te gemaklik raak met die wêreld en die duiwel en sy "schemes" nie.

Wat is die teenvoeter vir die duiwel se "schemes?" Jakobus sê, "onderwerp jou aan God, en nader tot God." En Jesus bid spesifiek oor daarvoor in Sy laaste gebed, vir ons en Sy dissipels.

## Johannes 17:17

*Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid. 18Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur; 19en ter wille van hulle wy Ek My aan U toe, sodat hulle ook deur die waarheid aan U toegewy kan wees."*

Ek het so paar weke terug ook gepraat oor die woord heilig/sanctify

## Heilig hulle

*to cause someone to have the quality of holiness*

*to dedicate to God,*

*to be set apart for God*

*to make a person the opposite of common*

Wat is common? In Afrikaans met 'n "K?" "Ag man moenie jou kommon hou nie," of die hoogmoediges, en vooraanstaandes sê: "Daai mense is sommer kommon."

Die volmaakte blydschap van God behoort vanoggend oor jou te kom as jy hoor Jesus bid vir jou en my en Sy dissipels, "Vader bewaar hulle van om kommon kinders van U te wees. Heilige hulle, sit hulle een kant neer vir U."

Die mooi Afrikaanse woord wat hier gebruik word is "toegewy." Atlete kan net suksesvol wees as hulle hulle toewy aan oefening en reg uit. Dis wat Jesus bid. Bid dat ons as kinders van God, suksesvol teen die bose sal kan optree, deurdat ons. ons nie uit dwang of plig nie, maar omdat dit vir ons 'n vreugde is, aan God toewy. Die maak dat ons nie kommon goed sal sê en dink en doen en kyk nie. Dit maak ons heilig.

Dan kan ons as God se kinders, vir die wêreld help en vertel van die liefde van God en van die vreugde om 'n kind van God te mag wees. Dit is wat die wêreld nodig het. Mense wat sê hulle glo in God en is lief vir Hom. En hulle neem God se Woord ter harte, en mense wat dit "**actually**" begin leef. Leef as mense wat hulle eenkant hou van die res van die sondige wêreld se "**schemes**" en dinge, omdat ons eenkant vir God en deur God neergesit is. Maar leef in die wêreld met die getuienis van God se liefde en blydschap.

Ek sluit af.

Iemand wat God se kind is die teenoorgestelde van common. "**We are not commoners, we are royal.**" Ons is God, die Koning van die konings, se kinders.

Die probleem is, ek kan bely dat ek lief is vir Jesus en 100'e FB boodskappe stuur en kan die Bybel verslind en uit my kop uit leer, as daardie liefde vir God en kennis van Sy Woord nie oorgaan tot 'n lewe van totale toewyding nie, dan sal dit geen impak in die wêreld maak nie.

- Mense wil sien dat jy anders leef, anders dink, anders praat.

- Dat jy ander waardes, ander toekomsplanne het.
- Dat jy anders dink ook hoe jy jou kinders groot maak, en jou tyd spandeer.

Daar is geen manier hoe 'n kind van God aan die **“common foolishness”** van hierdie wêreld kan deelneem en dink dit sal mense na God se kerk sal trek nie. Al hou mense dalk nie van Christene se toewyding aan God nie, sal dit uiteindelik hulle oortuig, omdat hulle die verskil tussen toewyding en **“commonness”** begin sien.

Jesus bid vir Sy dissipels dat hulle die volkome blydschap van Hom self sal beleef. Hy gee vir hulle Sy Woord en Hy bid dat ons Vader ons sal leer en help en beskerm teen die **“schemes”** van die duiwel. Hy bid dat ons nie **“common”** sal wees nie, maar sal uitstaan, uitblink, as een van Sy kinders.

Waarom? - Sodat die wêreld kan glo!!!

God se Woord vanoggend is vir elkeen van ons dalk anders.

- Miskien moet jy weer net besef watter vreugde dit vir God was om Jesus te stuur om jou te kom red.
- Miskien hoor jy vanoggend dat ek meer gereeld met vreugde en blydschap God se Woord moet lees en oordink.
- Miskien hoor jy vanoggend, dat jy dalk te naby aan die wêreld leef en te maklik toegee aan die bouse se **“schemes.”** Dalk moet jy minder besig wees met die dinge van die wêreld en meer besig raak met die dinge van God. Of meer nog met die God van die dinge.
- Miskien tree jy soms **“common”** op en is dit nodig om te besef wie jy in Christus is en leef soos iemand wat gevat is.
- Miskien moet jy dalk meer praat oor Jesus in jou huis of werk, of vriende.

Ek het aan die begin gesê dat oor die Bybel en God staan liefde en vreugde geskryf. Ek bid daar vandag oor jou en my hart God is liefde en God is vreugde geskryf staan.